Geagte DKM-bestuur,

Die Red Sakkie se Arkie-aksiegroep neem kennis en veroordeel die besluit deur DKM om ’n uitsettingsbevel aan mnr. Sakkie Spangenberg te rig nadat die Appèlhof van Suid-Afrika in sy guns beslis het om die besluit om Erf 15747, Olivierpark, waarvandaan Sakkie se Arkie bedryf word, aan die Upington Hotel te verkoop, tersyde te stel.

Ons neem kennis dat die hof die volgende bevind het:

- dat die munisipaliteit gefouteer het toe hul bevind het dat Upington Hotel aan die tendervoorwaardes voldoen het, en

- dat die munisipaliteit nie voldoen het aan Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur om tydens ’n raadsvergadering, wat oop was vir die publiek, die markwaarde van die perseel vas te stel en dit op te weeg teen die ekonomiese en gemeenskapsbelang van die perseel.

Deur die tersydestelling van jou besluit deur die Appèlhof soos hierbo daarna verwys, moet jy weer oor die toekoms van die perseel besluit, en dus ook oor die voortbestaan van Sakkie se Arkie.

Hiermee versoek ons jou:

- om in belang van die gemeenskap van Upington die perseel aan mnr. Sakkie Spangenberg te verkoop by wyse van privaat onderhandelinge.

- Indien dit nie realiseer nie moet die perseel weer op openbare tender uitgesit word en die publiek na ’n ope raadsvergadering genooi word.

Totdat bostaande prosesse afgehandel is, moet alle verdere of tans hangende regsstappe, insluitende die huidige aansoek tot uitsetting van mnr. Sakkie Spangenberg vanaf die perseel, teruggehou word.

Die Red Sakkie se Arkie-aksiegroep versoek om binne 7 dae terugvoer van jou te ontvang oor watter stappe jy volgende gaan neem (soos hierbo versoek).

Weereens versoek ons jou om met mnr. Spangenberg te vergader om ’n ooreenkoms aan te gaan en sodoende alle druk van die gemeenskap van jou skouers af te neem.

Die uwe,

Werner Strauss
Verteenwoordiger: Red Sakkie se Arkie-aksiegroep
Sel: 081 217 1752